

27 Julie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:1-10

Fokusgedeelte: DL, 5:10

**Deur geloof, nie deur sien nie!**

Dit sou darem baie lekker gewees het as ek net van God 'n teken kon kry, 'n versekering, dat Hy my vir die saligheid sal bewaar en sal sorg dat ek nie verlore gaan nie. Hoekom stuur Hy nie byvoorbeeld 'n engel om aan my te verskyn nie, of hoekom laat Hy my nie 'n gesig, 'n visioen, sien om my die versekering te gee nie? Die Woord sê (vers 7) "want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie". Ja, die bedeling tussen Jesus se hemelvaart en sy wederkoms is nie 'n bedeling van sien nie, maar van glo. Geloof is mos juis om seker te kan wees van iets wat jy nie (nou al) kan sien nie. God se besondere openbaring aan ons is nou afgesluit tot met Jesus se wederkoms en sy openbaring aan ons in sy Woord is genoegsaam.

Daarom bely ons ook: "Hierdie sekerheid spruit dus nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees ... en laastens uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke."

God gee dus nie sigbare versekerings nie, maar Hy gee die geloof aan sy beloftes in sy Woord, die getuienis van die Heilige Gees en ook die strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. Dít is my versekering dat God my veilig in die Nuwe Jerusalem sal laat aankom: Hy belowe dit in sy Woord, sy Gees oortuig my dat hierdie beloftes vas staan en ek kom ook agter dat ek graag volgens God se Woord wil lewe. Daarom het ek geen verdere besondere openbaring nodig nie!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~